**Skriflesing:** Heb 4:14-5:10
**Tema:** Geloof is ‘n reis met die fokus op ons groot Hoëpriester.

Die Hebreërs brief is waarskynlik oorspronklik gerig aan ‘n groep tweede geslag Christene wat mooi tye beleef het. Die waarheid van die evangelie van Jesus Christus is aan hulle bevestig deur tekens en wonderwerke en hulle het die werking en verligting deur die Heilige Gees ervaar. Hulle was aktiewe en dinamiese gelowiges wat vir God en mekaar in liefde gedien het.
Maar hulle het ook swaargekry ervaar. Hulle is onder druk geplaas deur familie wat nie Christene geword het nie. Hulle het bespotting, vervolging en arrestasie ervaar en hulle besittings is selfs afgevat. Dit het gemaak dat van hulle se geloof begin verflou het.

Waar bevind jy jouself in jou verhouding met die Here?

Van die geadresseerdes aan wie Hebreërs brief gerig is, was moedeloos. Hulle worstel met die vraag of dit sin maak om ‘n Chrsiten te wees? Hulle sukkel om onvoorwaardelik op God te vertrou. Van hulle oorweeg dit om tou op te gooi. Hulle is besig om aan God ongehoorsaam te word en is traag om te leer. Hulle begin belangstel in allerlei nuwe mensgemaakte idees wat die ware evangelie van verlossing deur Jesus Christus alleen aanvul.

En nou herbevestig die skrywer van die Hebreërsbrief aan hulle dat geloof 'n reis is waarop ons moet fokus op Jesus Christus. Hierdie reis word vergelyk met die reis van die Israeliete deur die woestyn na die beloofde land. Dit is ‘n lang en soms moeilike reis vol hoogte- en laagtepunte.
Dit is 'n lewenslange reis waar die bekende agtergelaat word en waar jy, in navolging van Jesus, buite die kamp, met ander woorde buite jou gemaksone, tree. Dit is ‘n reis met vele uitdagings. ‘n Reis wat van my en jou vra om ook ons kruis op te neem. Slegs deur geloofsvolharding kan dié reis voltooi word.

Vir mense wat dreig om Jesus en geloof in Hom prys te gee, het die skrywer net een boodskap en dit is dat Jesus onoortreflik is en dat Hy elkeen van ons voetstoots liefhet. Oor die afgelope paar boodskappe kom bevestig die Here dit telkens aan ons. Ons het verlede Sondag stilgestaan by Jesus as ons Hoeksteen. In die week het ons gehoor dat Hy van God verlaat was, sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie. Gisteraand is ons verseker van sy liefde vir elkeen v ons tot die einde en daarna. Ons is deur die nagmaaltekens versterk, die brood is simbolies van sy liggaam vir ons gebreek en die wyn van sy bloed wat vir ons gevloei het.
Vandag fokus ons op sy kruis waar Hy, as die groot Hoëpriester, in ons plek gesterf het. Op drie maniere wys die skrywer dat die werk van Jesus méér is as die werk van 'n gewone hoëpriester:

1. Hy het tot by God gegaan.
2. Hy het ons verhouding met God volledig herstel.
3. Hy bring nie net ‘n offer nie, Hy is die Offer.

**Terwyl 'n gewone hoëpriester slegs deur die Allerheiligste van die tempel kon beweeg, het Jesus tot by God gegaan om ons saak by Hom te behartig.**
‘n Gewone Hoëpriester en Jesus as Hoëpriester is deur God geroep.
Priesters en die hoëpriester moes mense in hulle verhouding met God te begelei. Hul moes vir mense by God ingetree met gebede en offers.
Die hoëpriester moes eers vir sy eie sonde offer. Daarna het hy eenmaal per jaar die allerheiligste van die tempel ingegaan om vir die sondes van die volk te offer. Dit was nie ‘n volmaakte offer nie. Hierdie offer moes jaarliks herhaal word.

**Jesus tot by God gegaan om ons saak by Hom te behartig.**
Dit beklemtoon die omvattende versoening wat Jesus bewerk het. Aan die kruis het Hy ons volkome van ons sonde en dood gered. Hy het ons verhouding met God volledig herstel.

**Jesus het as volmaakte Hoëpriester eenmalig die volmaakte offer gebring. Daar is geen offer meer nodig nie.**
Jesus is die Hoëpriester wat ons liefhet tot die einde toe. Hy het helse angs en pyn gely en Homself geoffer aan die kruis. Ons hoor sy gebede en harde geroep en sien sy trane in Getsemane en aan die kruis. Hy doen dit vir ons doen.

**Anders as ander hoëpriesters bring Hy nie net ‘n offer nie, Hy is die Offer.**
Hy was terselfdertyd Priester én Offer! Maar Hy is ook meer as dit, Hy was ook Priester-Koning.

Nou kan jy vir my sê, maar ek het hierdie goed geweet toe ek hier instap. Dit is goed en wel dat Jesus soveel meer as ‘n gewone hoëpriester is, maar watter verskil maak dit? Hoe raak sy kruis vir my?

Ons vind die antwoord in Hebreërs 4:16: “Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.”
In die Boodskap staan daar: “Ons hoef dus nie bang te wees of te wonder of ons na God toe mag gaan nie. Ons kan maar gaan, want God sal baie goed wees vir ons. Wanneer ons dit nodig het, sal God vir ons meer gee as wat ons verdien en ons met sy liefde omvou.”

In Jesus Christus het ons alles wat ons nodig het, ons het niks of niemand meer nodig nie. Daar is geen rede meer vir twyfel nie, Hy het ons saak met God reggestel.

Ek het die volgende verhaal raakgelees wat iets hiervan Illustreer:
In die tyd toe Napoleon Europa ingeneem het met sy troepe, was daar ʼn man wat nie lus was vir oorlogmaak nie. Toe hy opgeroep word, bekla hy sy lot by sy vriend. Dié was weer ʼn avonturier wat graag vir die beroemde Napoleon wou gaan veg. Hulle ruil plekke en sy vriend gaan slagveld toe onder dié man se naam. Tydens een van die groot veldslae is die vriend oorlede.
Toe die leër kort daarna weer ʼn klomp mense oproep, is dié eerste man naam weer op die lys. Ewe vrymoedig daag hy op en sê: “Julle kan my nie weer oproep nie. Want ek is in ‘n vorige veldslag dood.”

“Man, moenie tyd mors met mal praatjies nie,” kom die antwoord. En as sarkastiese nagedagte: “Is jy toe nooit begrawe nie?”
“Ja, ek ís. Op die slagveld by Austerlitz. Gaan maar julle rekords na.”
En daar vind hulle dat iemand met sy naam en geboortedatum inderdaad as “dood in aksie” afgemerk is.
Die amptenare krap hulle koppe. “O, nou weet ek!” sê een, “dis duidelik dat jy nie dood is nie. ‘n Plaasvervanger het in jou plek gaan veg en dit is hy wat dood is.”
“Ek stry nie,” lag die man. “Maar die feit is, hy het vrywillig in my plek gegaan en … gesterf. Nou kan julle nie aan my raak nie. Ek is vry soos ‘n voël.”
Die saak is na die hof en later na Napoleon self verwys. Hy het bevind dat die man reg was. Wettiglik het die man, alhoewel dit in die persoon van sy plaasvervanger was, gesterf en hy is op die slagveld begrawe. Die magtige Napoleon was magteloos teen die bevrydende effek van ‘n plaasvervanger se dood op die een wat bly lewe het.

Ons lees in die nagmaalformulier dat deur die kruis die Here sy soenverdienste vir ons so volledig waarborg asof ons self voor God gestaan het, self die straf vir ons sonde gedra het, self daarvoor gesterf en opgestaan en ons geregtigheid voor God verwerf het. Die sekerheid wat hierdie waarborg vir ons gee, is nie gegrond op ons gevoelens of stemminge nie, maar op die tekens uit die hand van die Here; dit is in die Here self gevestig.

Daarom kan ons almal wat in Jesus glo, met vrymoedigheid na God gaan. Hy red ons. Hy seën ons met barmhartigheid en genade. Hy deel aan ons die lewe in oorvloed uit en wil ons hiermee seën. Vat dit, maak dit jou eie in geloof, anders is die kruis tevergeefs.

Die feit dat Hy ook Priester-Koning is, hou nog ‘n groot troos vir ons as sy kinders in. Wanneer ons met ons probleme na Jesus Christus toe gaan kan ons seker wees van sy innige priesterlike
meelewing en empatie. Hy kan ten volle met ons in ons swakhede saamvoel, want Hy was sondeloos, maar andersinds volledig mens soos ons.
Maar Jesus het ook as Koning al die mag en gesag. Hy het reeds alles gedoen om ons te red en kan vandag baie meer doen as wat ons kan bid of dink.

Met groot oortuiging roep die skrywer van Hebreërs vir elkeen van ons op om nie in moeilike omstandighede ons Christenskap prys te gee nie. Sien die kruis en weet - in Christus het ons alles wat ons nodig het. Neem jou kruis op, hou Hom voor oë en pak jou geloofsreis elke dag saam met Hom aan!
Amen